Stellenbosch-Wes
LEWENDE LOTE

Gebedskalender 2017

Ons Gebedskalender

Die werksaamhede van ’n gemeente word gedra deur individuele en gesamentlike gebed. Waar die dissipline van getroue en gereelde gebed ontbreek, kwyn ’n gemeente.

Stellenbosch-Wes se gebedskalender is ’n uitstekende hulp waarmee ons ons persoonlike gebede kan aanvul om ook wyer aandag te gee aan die koms van God se koninkryk.

Die kalender dek 31 opeenvolgende dae wat ons elke dag van ’n maand aan bepaalde sake vir gebed herinner. Op hierdie wyse kom die ampsdraers, personeel, kerkraad, wykswerkers, eredienswerkers en al die aksies en uitreike van die gemeente stelselmatig onder die bidder se aandag.

Ons word daagliks herinner om te leef volgens die Woord, sodat ons daarvoor kan bid vir onsself en vir die mense wat oor ons pad kom.

Daar is dae waarop voorbidding gedoen kan word vir die manne, vroue en kinders van ons gemeente.

Daar is verskeie tehuise vir bejaardes, hulpbehoewendes en gestremdes in ons gemeente en daar kan op ’n gereelde basis vir hulle gebid word.

Al die wyke van die gemeente kom aan die beurt en dit help ons om ook vir wyke, wykswerkers, predikant daar betrokke asook inwoners in daardie wyke te bid.

Die gebedskalender help ons dus om bewus te wees van die bedieninge van ons gemeente en die behoeftes in ons omgewing, en om op hoogte te wees van sake in die wêreld waar God se koninkryk gevestig kan word.

Dit help ons om oor spesifieke sake in besonderhede te bid.

Ons weet dat ons met vrymoedigheid na God kan gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. (1 Johannes 5: 14)



DAG 1

U WOORD GEE RIGTING

"U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad." (Ps. 119:105)

Voorbidding:

***Leraarspare:** Dr. Almatine Leene en Frederik Bester
Dr. Daniël en Elmien de Wet
Dr. Pieter en Heidi van der Walt
Ds. Olivier en Alta Muller

Bid vir hulle huwelik, gesinslewe, gemeentelewe, gemeentewerk en geestelike lewe. "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige gees oor julle kom." (Hand 1:8a)

***Eenheid van gelowiges:**

Bid vir saamstaan, saamwerk met 'n gesindheid van liefde en omgee. "Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saamwoon!" (Ps. 133:1)

***Wyksbyeenkomste van die maand:**

Bid vir beplanning en uitvoer daarvan tot sy eer. Getroue bywoning.

Wyk 1 : Dr. Daniël de Wet
Middedorp rondom die kerk
Wykswerker: Johan en Linda Koetsier

DAG 2

LEEF DIE WOORD

"Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself." (Jak 1:22)

Voorbidding:

***Kantoorbestuurder en personeel:** Marais Roux, Gert Thiart, Emsie Human en Amos Ntist

***Eredienswerkers** (Craig Alberts)
"Kyk, so word die man geseën wat die Here dien".
Ps. 128:4
Bid vir seën en toerusting op hulle werksaamhede sodat hulle geestelik en fisies alles sal doen vir Sy Koninkryk.

***Samewerking:**

Bid vir samewerking van bedieninge, leiers van die gemeente en personeel.
"Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen." (Ps. 128:1)

Wyk 2: Dr. Daniël de Wet
Molenhof
Wykswerker: Martha le Roux

DAG 3

U WOORD HET KRAG

"So het die woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei." (Hand 19:20)

Voorbidding:

***Eiendomsbediening** (Kalla Smit)

Bid vir seën en toerusting; dat daar met ywer en omsigtigheid opgetree sal word in gehoorsaamheid aan die wil van God.

***Inligtingsbediening** (Elmarie Becker)

"En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word." (Jak.1:5)

Bid vir wysheid, getrouheid en om onder Sy leiding inligting te versprei.

Wyk 3: Dr. Almatine Leene

Liberte, Cabernet, Bosman's Crossing, Bokmakierie-, Fisant-, Loerie- en Kleinvalleistraat

Wykswerker: Gert Groenewald

DAG 4

WEES HEILIG

"Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan die woord (Heiligheid; toerusting." (Ps. 119:9)

Voorbidding:

***Diensverhoudinge** (Frederick Voigt)

"Die eise van die Here vir Sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig." (Ps. 19:10)

Bid vir toerusting: geestelik, fisies en emosioneel. Wysheid om brûe te bou.

***Werkskeppingsprojek (Dorkas)**

Bid vir seën en toewyding. Eerlikheid en opregtheid in dienswerk en alledaagse lewe.

Wyk 4: Dr. Daniel de Wet

Kiewietstraat

Wykswerker:

DAG 5

VERTROU DIE WOORD

"By U skuil ek, U beskerm my, in u Woord stel ek my vertroue" (Ps. 119:114)

Voorbidding:

***Orrelis:** (Francois Blom)

"Sing tot eer van die Here, julle wat Hom getrou dien, loof Sy heilige Naam." (Ps. 30:5)

Bid vir erns, toewyding en vaardigheid tot uitbreiding van Sy koninkryk.

***Musiek en Tegnologie-bediening:**

(Truida van der Merwe)

"Prys die Here! Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is 'n genot om die loflied te sing wat Hom toekom." (Ps. 147:1)

Bid vir volhoubare kreatiwiteit, entoesiasme en vaardigheid. Alles tot Sy eer alleen.

Wyk 5: Ds Daniel de Wet

Dagbreek- en Pelikaanstraat

Wykswerker: Rina van Niekerk

DAG 6

BLY IN DIE WOORD

"As julle in my bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry." (Joh. 15:7)

Voorbidding:

***Kerkraad, Wykswerkers en Eredienswerkers**

(Schalk Liebenberg - Voorsitter)

"Kom prys die Here, julle almal wat Hom dien, julle wat in die nag in die tempel van die Here staan!" (Ps. 134:1)

Bid vir beskikbaarheid, toewyding en getrouheid op alle terreine. Gawes gebruik en geestelik groei.

Wyk 6: Ds Daniel de Wet

Jan Frederik-, Pikkewyn- en Flamingostraat

Wykswerker:

DAG 7

VERTROU GOD SE WOORD

"In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie." (Psalm 56:5)

Voorbidding:

*__Bejaardes__

*__Geluksoord, Stellenoord, Molenhof__.

"Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra." (Jesaja 46:4)

Bid vir begrip, geduld, liefde en waardering teenoor die versorgers..

*__Personeel van hierdie oorde__.

"En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees." (1 Petrus 5:5)

Bid vir wedergebore versorgers met geduld, toewyding, begrip, wysheid, liefde en selfbeheersing. Ook vir sorgvuldige besteding van hulpbronne tot bejaardes se voordeel. Bid ook vir betrokkenheid, liefde en omgee van gemeentelede.

Wyk 7: Dr. Daniël de Wet.

Patrysstraat (2-18), Adelaarstraat en Huis Horison

Wykswerker: Johan Eygelaar

DAG 8

DIE WOORD IS MY HELE LEWE

"Om U wil te doen, my God, is my een begeerte, U woord is my hele lewe." (Psalm 40:9)

Voorbidding:

*__Manne__

"Hou my gedagtes weg van verkeerde dinge, dat ek nie in sonde verval saam met manne wat onreg doen nie, en dat ek nie deelneem aan hulle feeste nie." (Ps. 141:4)

Bid vir geestelike volwassenheid, getrouheid, eerlikheid en liefde. Ook vir voorbeeldige en goeie versorgers, vry van gierigheid en materialisme.

Moderamen Verteenwoordiger: (Carel van der Merwe)

"Die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat gesê moet word." (Luk 12:12)

Bid vir leiding van die Heilige Gees en onderskeidingsvermoë dat alles sal gaan om Sy Koninkryk.

Wyk 8: Dr. Daniël de Wet.

Hamerkop-, Troupant-, Kokkewiet- en Patrysstraat (20-42)

Wykswerker: Anna Ackermann

DAG 9

DIE GEES EN DIE WOORD IS EEN

"Sit verlossing as help op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God." (Ef. 6:17)

Voorbidding:

***Vroue:**

"Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaad-spreeksters nie, nugter, betroubaar in alles." (1 Tim. 3:1)
Bid vir geestelike volwassenheid, minsaamheid, liefde, opregtheid, getrouheid, waardige voorbeeld vir gesin en gemeenskap.

***Gasvryheidsbediening:** (Linda Koetsier)
Bid dat elkeen daar betrokke met liefde sal saamwerk en alles sal aanpak en uitvoer tot Sy eer.

Wyk 9: Dr. Daniël de Wet
Geluksoord
Wykswerker: Rina van Niekerk

DAG 10

GEHOORSAAM AAN DIE WOORD

"Wie Sy woord egter gehoorsaam – in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is." (1 Johannes 2:5)

Voorbidding:

***Huwelike:**

"Ek wil my daaraan wy om opreg te lewe. ..... In my huis wil ek lewe in opregtheid, niks wat sleg is, wil ek nastreef nie, ek haat wat verkeerd is. Dit mag geen houvas op my hê nie." (Ps. 101:2-3)

Dankie vir kosbare huwelike. Bid vir openlikheid, opregtheid, getrouheid, opoffering vir mekaar en dade wat liefde betoon.

Wyk 10: Dr. Almatine Leene
Hoephoepstraat, Tinktinkielaan en Devonpark
Wykswerker: Etienne en Maxie Goussard

DAG 11

DIE WOORD IS GOD

"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God." (Johannes 1:1)

Voorbidding:

***Gesinsorg**

***Gesinne as kleinste gemeente**

"Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan." (Deut. 6:7)

***Uitgebreide gesinne – Oupas en Oumas**

"Mag die Here jou seën … dat jy jou kleinkinders mag sien." (Ps. 128:5-6)

***Wyke-en-selgroepe** (Riana Delport)

Bid dat God Sy Gees oor elke gesinslid/sellid sal uitgiet en dat die lede die vrug van die Heilige Gees sal uitleef.

Wyk 11: Dr. Daniël de Wet

Swawellaan, Kanarielaan, Tortelduiflaan, Tarentaalweg en Jan Pierewietlaan

Wykswerker: Thea de Koker

DAG 12

DIE WOORD IS EWIG

"Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig." (Jesaja 40:8)

Voorbidding:

***Jeugsorg**

"My seun, slaan ag op die wysheid wat ek jou leer, luister na my goeie raad." (Spreuke 5:1)

***Studente**

"Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou." (Ps. 32:8)

Bid dat Jesus Christus Koning gemaak sal word in elke jongmens se lewe en daar geleef sal word onder leiding van die Heilige Gees met wysheid, insig en onderskeidingsvermoë. Dat hulle geloof standvastig sal bly onder Christelike leiding.

Wyk 12: Dr. Almatine Leene

Kwikstertlaan, Piet-my-Vroulaan en Jan Fiskaallaan

Wykswerker: Susan Ruppersberg

DAG 13

U WOORD IS DIE WAARHEID

"Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid." (Johannes 17:17)

Voorbidding:

***Jeugbediening:** (Leàn Heunis)

***Kategese: Elkeen wat onderrig gee**

Seën hulle wat onderrig gee met toerusting, geestelike groei en volwassenheid. Hantering van kinders met geduld, liefde en toewyding.

***Tieners**

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek." (2 Tim 3:16)

Bid dat tieners God in opregte afhanklikheid dien.

Wyk 13: Dr. Daniël de Wet
Stellenoord A en Versorgingsoord
Wykswerker: Dulcè Walters

DAG 14

DIE WÊRELD IS DEUR DIE WOORD GESKEP

"Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie." (Hebreërs 11:3)

Voorbidding:

***Laerskoolkinders**

"U het my van jongs af onderrig, o God, en ek getuig nou nog van u kragtige dade." (Ps. 71:17)

***Skoolkinders wat nie meer Christelik onderrig mag word nie**. "Kom kinders, luister na my! Ek wil julle leer hoe om die Here te dien." (Ps. 34:12) "U het my van jongs af onderrig, o God, en ek getuig nou nog van u kragtige dade." (Ps. 71:17)

Bid dat kinders agting sal toon vir God, ouers en onderwysers. Ook dat wedergebore ouers en onderwysers wat respek en agting verdien kinders na God sal lei.

Wyk 14: Dr. Almatine Leene
Stellenoord B
Wykswerker: Myra du Toit

DAG 15

GETUIG VAN DIE WOORD

"Deur my boeie is die meeste broers en susters ook in hul vertroue op die Here gesterk, en hulle waag dit al hoe meer om die woord van God onbevrees te verkondig." (Filippense 1:14)

Voorbidding:

***Voorskoolse kinders**

***Kindersorg**

"Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle." (Lukas 18:16)

Bid vir fisiese, emosionele en geestelike sorg. Dat versorgers met geduld, wysheid en onderskeidings-vermoë sal optree.

Wyk 15: Dr. Almatine Leene
Die Boord
Wykswerker: Annalie van Velden

DAG 16

WANDEL MET DIE WOORD

"Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié wat wandel volgens die woord van die Here." (Psalm 119:1)

Voorbidding:

***Enkelouers en alleenlopers**

" 'n Vader vir weeskinders en 'n beskermer van die reg van weduwees is God in sy woning." (Ps. 68:6)

Bid vir God se versorgende genade en volharding in geloof. Bid vir gemeentelede wat sal uitreik en betrokke raak

Wyk 16: Dr. Daniël de Wet
Krigeville, Dalsig en Brandwacht
Wykswerker: Cobus Ackermann

DAG 17

VERKONDIG DIE WOORD

"Verkondig die woord, hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê en bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee." (2 Tim 4:2)

Voorbidding

***Kinders uit gebroke gesinne of wees gelaat**

"U behartig die regsaak van die weeskind en van die mens in nood, sodat niemand op aarde langer in vrees hoef te lewe nie. " (Ps. 10:18.)

"'n Vader vir weeskinders en 'n beskermer van die reg van weduwees is God in sy heilige woning." (Ps. 68:6)

Bid vir fisiese, emosionele en veral vir geestelike sorg. Vir wysheid en begrip. Bid dat elke kind God as versorgende Vader sal leer ken.

Wyk 17: Dr. Daniël de Wet
Paradyskloof
Wykswerker: Jac Pietersen

DAG 18

WAG OP DIE WOORD

"Ek stel my vertroue in die Here, ek vertrou op Hom, ek wag op die vervulling van sy woord." (Psalm 130:5)

Voorbidding

***Siekes/gestremdes tuis en in hospitale en ook families en vriende** "Die Here sal hom bystaan in sy siekte. As hy siek is, sal U hom genees." (Ps. 41:4.)

Bid vir Christene wat geleenthede tot geestelike gesprekke sal raaksien en gebruik om uit te reik na siekes.

***Medici en Hospitaalpersoneel en tuisversorgers**

"Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak." (Ps. 30:3)

Bid vir krag en genade om dagtaak in liefde getrou uit te voer.

Wyk 18: Dr. Almatine Leene
Jamestown, Aan-de-Weber, De Zalze, Technopark en R44 Suid-Strandpad
Wykswerker: Marita van Dyk.

DAG 19

DIE WOORD IS NABY JOU

"Naby jou is die Woord, in jou mond en in jou hart." (Romeine 10:8)

Voorbidding

***Bedroefdes – hulle familie en vriende**

"Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur." (Rom. 12:15)

"Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde."(Ps. 147:3)

Bid vir die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

Wyk 19: Dr. Almatine Leene
Welgevonden
Wykswerker: Suzette van Wyk

DAG 20

GEHOORSAAM DIE WOORD

"Wanneer julle in nood verkeer deurdat hierdie dinge in die toekoms oor julle kom, moet julle terugkom na die Here julle God, en sy woord gehoorsaam." (Deut. 4:30)

Voorbidding

***Barmhartigheidsdiens** (Madia Ackerman)
***Voedingsaksie en ACVV**
***Haweloses, Hongerlydendes, Werkloses en Armes**
***Stellemploy**

"Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek." (Matt 25:36.)

Bid vir 'n gemeente wat omgee, gee en bid. Oop oë vir die nood van ander, gewillig met hulpverlening. Dankbare ontvangs, seën en volhoubaarheid.

Wyk 20: Dr. Almatine Leene
Sakekern, La Colline en Die Rand
Wykswerker:

DAG 21

GROEI DEUR DIE WOORD

Maar Hy antwoord: “Daar staan geskrywe: “ ’n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom” (Mat 4:4)

Voorbidding

***Depressielyers en naasbestaandes**

“Toe ek met baie onrus in my binneste sit, het u vertroosting my tot rus gebring.” (Ps. 94:19)|
“Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses.” (Ps. 34:19.)

Bid vir verlossing, vrymaking, genade, wysheid en krag. Vir naasbestaandes om geestelik, fisies, emosioneel te kan bystaan met fyn aanvoeling, liefde en begrip.

Wyk 21: Dr. Almatine Leene
Uniepark, Karindal, Mostertsdrift, Simonswyk en Jonkershoek.
Wykswerker: Riëtte Steenkamp

DAG 22

VERTROU DIE WOORD

“By U skuil ek, U beskerm my, in U woord stel ek my vertroue.”(Ps. 119:114)

Voorbidding:

***Kingfisher Mobiliseringsentrum** (Ds Johan Theron)

***Alle afhanklikes (verslaafdes) en naasbestaandes**

“Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus.” (Gal 6:2)

Bid vir permanente vrymaking, verlossing en redding van siele asook bewuswording van hul afhanklikheid aan God. Ondersteuners vir genade en krag en om in liefde te ondersteun en saam te leef.

Wyk 22: Dr. Almatine Leene
Plase langs 304 Klipheuwelpad, R44 Noord van Klapmutspad, R310 Noord – Helshoogtepad en Koelenhof.
Wykswerker: Annelie Kruger

DAG 23

GLO IN JESUS CHRISTUS

"En sy Woord lewe nie werklik in julle nie, omdat julle nie in die Een glo wat Hy gestuur het nie." (Johannes 5:38)

Voorbidding:

***VGK Mfuleni en Vlottenburg** (Ds Johan van Zyl)
Bid vir redding van siele, volharding en emosionele krag en energie.

***Slagoffers van mishandeling en molestering**
"Bevry my uit die vangnet wat hulle vir my gestel het, want U is my toevlug." (Ps. 31:50
"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk dit het alles nuut geword." (2 Kor. 5:17)

Bid vir verlossing, vrymaking van vrees en slegte herinneringe.

Wyk 23: Dr. Daniël de wet
Devonvallei
Wykswerker: Schalk Liebenberg

DAG 24

DIE WOORD IS 'n RIGTINGWYSER

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek." (2 Tim 3:16)

Voorbidding:

***Veiligheid van gemeentelede.**
***Beskerming en genade vir almal op reis**.
"Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare." (Ps. 121:5)
"Hy sal jou beskerm, waar jy ook al gaan, nou en vir altyd." (Ps. 121:8)

Bid vir 'n lewende verhouding met Jesus en die besef van belangrikheid om onder Sy vleuels te skuil en voortdurend daarvoor te bid.

Wyk 24: Dr. Daniël de Wet
Wolwedans, Goedvertrouw, Asara en Stellenboschkloof
Wykswerker:

DAG 25

DEUR DIE WOORD BRING GOD ONS TOT DIE LEWE

"Omdat dit Sy wil is, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring." (Jakobus 1:18)

Voorbidding:

***VGK de Coligny, Transkei; Sinethemba-projek**
(Sam Dandala en gesin)
Bid vir seën op arbeid en geestelike toerusting.

***Huis Horison: (**Inwoners, personeel en komitee)
"Voorwaar ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie." (Matt 25:45)

Bid vir liefde, insig, emosionele en fisiese krag, wysheid en dankbaarheid.

Wyk 25: Dr. Daniël de wet
R310 Suid – Baden Powel
Wykswerker: Roelie Joubert en Hermien Louw

DAG 26

VERTROU DIE WOORD

"Dan sal ek dié wat my vals beskuldig, kan antwoord, want ek vertrou op U woord." (Psalm 119:42)

Voorbidding:

***Toerustingsburo Interkulturele Werkers**
(Ds. Ryk van Velden)
***Getuienis na Buite bediening** (Gielie de Waal)
***Ongeredde siele**
***Politieke leiers van ander lande**
***Vervolgde en verdrukte gelowiges**

Bid vir ontvanklike harte, bekerings – buite en in ons land, dorp en gemeenskap. Ook vir wedergebore leiers.
Vryheid van geloof, vrystelling van vervolgde gelowiges.

Wyk 26: Dr. Daniël de wet
M12 – Polkadraaipad en Vlaebergpad
Wykswerker: Carel van der Merwe

DAG 27

DIE WOORD IS VOL BELOFTES

"God wat Sy woord hou, het die ewige lewe lank gelede aan ons belowe." (Titus 1:2)

Voorbidding:

***Oekraine** (Willem en Alla van der Colff)

Bid vir toerusting, ywer, volharding en ontvanklike harte van hoorders.

***Geestelike groei en herlewing**

"Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe. " (1 Pet 2:25)

Bid vir 'n lewende gebedsverhouding en groei om meer en meer soos Jesus te word.

DAG 28

DIE WOORD IS GOD

"Die woord het mens geword en onder ons kom woon." (Johannes 1:14a)

Voorbidding:

***Politieke leiers in ons land en omgewing**

"Die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!" (Num 6:26)
Bid vir hul redding en verantwoordelikhede.

***Volgehoue godsdiensvryheid vir alle Christene**

***Projek: Geopende deure**

***Projek: Gideons**

***Projek: Jerigo Mure**

"Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar rus is." (Ps. 23:2)
Bid vir volgehoue arbeid en passie vir hulle roeping.
Volharding in geloof, onverskrokkenheid en entoesiasme.

DAG 29

DIE WOORD BRING LIG

"Wanneer die woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is." (Psalm 119:130)

Voorbidding:

***Visioenering-en-Toerusting:** (Rikus Serdyn)

"Want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. "(Fil. 2:13)

Bid vir wysheid, toewyding en leiding van die Heilige Gees.

***Beskerming teen 'n wêreldse ingesteldheid:**

"Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe." (Titus 2:12**)**

Bid vir die volharding in God se opdrag, vrymaking van en beskerming teen begeerlikheid en gierigheid. Redding van siele.

DAG 30

DIE WOORD VUL ONS MET DIE HEILIGE GEES

"Die Heilige Gees het op almal gekom wat na die Woord geluister het. " (Handelinge 10:44)

Voorbidding:

***Stephan en Carina van der Watt (Shikoku, Japan)**

***Finansies:** (Peet de Villiers)

"En in die dae dat hy die HERE gesoek het, het God hom voorspoedig gemaak." (2 Kron. 26:5)

Bly biddend en onder Sy leiding om God se geld reg aan te wend.

***Oop harte en hande vir God se Koningkryk**

"Op elke eerste dag van die week, moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie." (I Kor. 16:2)

Bid vir ontvanklike harte en herlewing.

DAG 31

DIE WOORD IS BETROUBAAR

"Dit is 'n betroubare Woord: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe."
(2 Tim 2 :11.)

Voorbidding:

***Gebedsbediening:** (Settie de Koker)

***Biddende gemeente**

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens Sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets so vra, weet ons ook dat ons kry Wat ons van Hom vra." (1 Joh. 5:14,15)

Bid vir gemeentelede wat weet hoe afhanklik hulle van God is en die belangrikheid van gebed. Gehoorsaam en gedissiplineerd bid om ons verhouding met Jesus te versterk.

NOTAS

VOORBIDDINGSLYS

Gebedsonderwerp	Datum begin	Datum antwoord	Opmerkings

VOORBIDDINGSLYS

Gebedsonderwerp	Datum begin	Datum antwoord	Opmerkings

NG KERK STELLENBOSCH-WES VISIE

- As **Lewende Lote** in Christus, wil ons as gemeente saam groei in ons geloof in Jesus Christus ons Verlosser. Deur Hom versterk ons ons fondamente en word dienaars van Christus en sy kerk.
- Ons stap saam met Christus op die lewenspad, en neem deel aan ontmoetings met ander mense ook saam met Hom. Deur in Sy voetspore te volg, word die Evangelie van liefde deur almal ervaar. Die **voetspoor** is die aanduiding hiervan.
- Soos 'n wingerd – wat bekend is in ons omgewing – laat ons die Here toe om ons te snoei en te laat groei en Sy vrug te dra, in die gemeente, maar ook in Sy breër Koninkryk. Die **wingerdblaar en druiwetros** dui hierop.
- Vanuit die Gemeente, wat aan Christus behoort, groei die sigbaarheid van **Sy kruis**, wat vir ons sentraal as teken van liefde, hoop en genade is.

ONS LEEF DIE WOORD

Die doel van die Gebedsbediening is om elke gemeentelid te betrek om te bid vir leiding en in te tree vir alles rakende ons kerk, ons gemeente, die verskillende bedieninge en aktiwiteite, vir wyke, vir families en individue asook vir ander persone, gelowiges of organisasies buite ons gemeente.

2017 ONS LEEF DIE WOORD